AKADEMIE

INNOVASIE SENTRUM

Vanaf 2018 af is ‘n Innovasie Sentrum ‘n droom. Hierdie jaar het die droom ‘n werklikheid geword. Die innovasie sentrum gaan ‘n uitnodigende ruimte skep waar leerders onafhanklik navorsing kan doen na skoolure. Nuwe boeke is beskikbaar om ‘n liefde vir lees aan te wakker en hulle lees- en studievermoë te verbeter. Die reuse interaktiewe skerm skep die geleentheid vir onderwysers om inligting op ‘n kreatiewe wyse aan te bied en dan te stoor en versprei vir verryking en intervensie. Alhoewel ons nou eers begin het met die projek sien ons met verwagting uit daarna om een van die tegnologies-gevorderdste skole in ons omgewing te wees.